REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **70c** Plaaslik
Other countries R1,00 Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 309 CAPE TOWN, 25 MARCH 1991 KAAPSTAD, 25 MAART 1991 No. 13100

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 648. 25 March 1991

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 27 of 1991: Part Appropriation Act, 1991.

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 648. 25 Maart 1991

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 27 van 1991: Gedeeltelike Begrotingswet, 1991.

ACT

To appropriate an amount not exceeding R24 700 000 000 out of the State Revenue Fund for a part of the requirements of the State for the financial year ending 31 March 1992.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 15 March 1991.)

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Appropriation of moneys for part of requirements of State, excluding provinces

1. Subject to the provisions of the second proviso to subsection (1) and of subsection (2) of section 4 of the Exchequer Act, 1975 (Act No. 66 of 1975), there is hereby appropriated out of the State Revenue Fund such an amount not exceeding R20 600 000 000 as a charge against the State Revenue Account, as may be necessary for a part of the requirements of the State, excluding the provinces, during the financial year ending 31 March 1992, until such time as provision has been made in an Appropriation Act for such requirements.

Appropriation of moneys for part of requirements of provinces

2. Subject to the provisions of the second proviso to subsection (1) and of subsection (2) of section 4 of the Exchequer Act, 1975 (Act No. 66 of 1975), there is hereby appropriated out of the State Revenue Fund as a charge against the respective Accounts for Provincial Services mentioned in subsection (1) of section 2 of the Exchequer Act, 1975 (Act No. 66 of 1975), such amount not exceeding—

(a) R1 300 000 000, in the case of the province of the Cape of Good Hope;
(b) R700 000 000, in the case of the province of Natal;
(c) R400 000 000, in the case of the province of the Orange Free State; and
(d) R1 700 000 000, in the case of the province of the Transvaal,

as may be necessary for a part of the requirements of each province during the financial year ending 31 March 1992, until such time as provision has been made in an Appropriation Act for such requirements.

Short title

3. This Act shall be called the Part Appropriation Act, 1991.

WET

Tot bewilliging van 'n bedrag van hoogstens R24 700 000 000 uit die Staatsinkomstefonds vir 'n gedeelte van die behoeftes van die Staat vir die boekjaar wat op 31 Maart 1992 eindig.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 15 Maart 1991.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Bewilliging van geld vir gedeelte van behoeftes van Staat, uitgesonderd provinsies

1. Behoudens die bepalings van die tweede voorbehoudsbepaling by subartikel (1) en van subartikel (2) van artikel 4 van die Skatkiswet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), word daar hierby uit die Staatsinkomstefonds 'n bedrag van hoogstens R20 600 000 000 ten laste van die Staatsinkomsterekening bewillig wat nodig mag wees vir 'n gedeelte van die behoeftes van die Staat, uitgesonderd die provinsies, gedurende die boekjaar wat op 31 Maart 1992 eindig, tot tyd en wyl voorsiening in 'n Begrotingswet vir dié behoeftes gemaak is.

Bewilliging van geld vir gedeelte van behoeftes van provinsies

2. Behoudens die bepalings van die tweede voorbehoudsbepaling by subartikel (1) en van subartikel (2) van artikel 4 van die Skatkiswet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), word daar hierby uit die Staatsinkomstefonds ten laste van die onderskeie Rekenings vir Provinsiale Dienste vermeld in subartikel (1) van artikel 2 van die Skatkiswet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), bewillig 'n bedrag van hoogstens—

(a) R1 300 000 000, in die geval van die provinsie die Kaap die Goeie Hoop;
(b) R700 000 000, in die geval van die provinsie Natal;
(c) R400 000 000, in die geval van die provinsie Oranje-Vrystaat; en
(d) R1 700 000 000, in die geval van die provinsie Transvaal,

wat nodig mag wees vir 'n gedeelte van die behoeftes van elke provinsie gedurende die boekjaar wat op 31 Maart 1992 eindig, tot tyd en wyl voorsiening in 'n Begrotingswet vir dié behoeftes gemaak is.

Kort titel

3. Hierdie Wet heet die Gedeeltelike Begrotingswet, 1991.

PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13300
GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13300